Gauteng Onderwysdepartement
Laerskool Elspark
Administratief: admin@elsies.co.za
Webwerf: laerskoolelspark.co.za
Posbus 12009 1418
Tel: (011) 893-2024/5

2026-05-18

Geagte Ouer/Voog

## *SPESIALE OMSENDBRIEF - EKSAMEN*

## EKSAMENROOSTER (GR 1 – 3) – ME GROBLER

### *GRAAD 1*

| *DATUM* | *VAK* |
|---|---|
| Dinsdag, 2 Junie | Afrikaans |
| Donderdag, 4 Junie | Engels |
| Vrydag, 5 Junie | Lewensvaardigheid |
| Maandag, 8 Junie | Wiskunde |

### *GRAAD 2 + GRAAD 3*

| *DATUM* | *VAK* |
|---|---|
| Vrydag, 29 Mei | Hersieningsdag |
| Maandag, 1 Junie | Afrikaans |
| Dinsdag, 2 Junie | Hersieningsdag |
| Woensdag, 3 Junie | Engels |
| Donderdag, 4 Junie | Hersieningsdag |
| Vrydag, 5 Junie | Lewensvaardigheid |
| Maandag, 8 Junie | Wiskunde 1 |
| Dinsdag, 9 Junie | Wiskunde 2 – **Slegs Gr 3** |

***Let wel:* Ons doen steeds deurlopende mondelinge en praktiese assessering dus moet leerlinge nie tuis bly gedurende hersieningsdae nie.**

## EKSAMENROOSTER (LSEN) – ME JACOBS

| *DATUM* | *VAK* |
|---|---|
| Maandag, 1 Junie | Afrikaans |
| Dinsdag, 2 Junie | Mondelinge assessering - Afrikaans |
| Woensdag, 3 Junie | Wiskunde |
| Donderdag, 4 Junie | Mondelinge assessering - Wiskunde |
| Vrydag, 5 Junie | Engels |
| Maandag, 8 Junie | Lewensvaardigheid |
| Dinsdag, 9 Junie | NW – **Slegs LSEN L** |
| Woensdag, 10 Junie | Afrikaans<br>Mondelinge ass. Eng. en Wisk. |
| Donderdag, 11 Junie | Mondelinge ass. Afr., Eng. en Wisk. |
| Vrydag, 12 Junie | Praktiese dag om take te voltooi |

**EKSAMENROOSTER (GR. 4 – 7) – ME BRITZ**

| ***DATUM*** | ***VAK*** | ***GR*** |
|---|---|---|
| Maandag, 1 Junie | Afrikaans | 4 - 7 |
| Dinsdag, 2 Junie | Engels | 4 – 7 |
| Woensdag, 3 Junie | Wiskunde | 4 - 7 |
| Donderdag, 4 Junie | Tegnologie | 7 |
| Vrydag, 5 Junie | SW (Geografie) | 4 - 7 |
| Maandag, 8 Junie | NW en Teg<br>NW | 4 – 6<br>7 |
| Dinsdag, 9 Junie | SW (Geskiedenis) | 4 - 7 |
| Woensdag, 10 Junie | Skeppende Kuns | 7 |
| Donderdag, 11 Junie | EBW | 7 |
| Vrydag, 12 Junie | Lewensvaardigheid<br>Lewensoriëntering | 4 – 6<br>7 |

## ***BELANGLIKE INLIGTING TEN OPSIGTE VAN DIE EKSAMEN***

1. Tydens die eksamen sal daar studietyd (Gr. 4 – 7) toegelaat word, voordat die vraestel geskryf word.
   Sessie 1: 07:30 – 09:30
   Pouse: 09:30 – 09:50
   Sessie 2: 09:50 – 12:00

2. Slegs leerlinge wie se ouers toestemming verleen kan hulle kinders om 12:00 kom afhaal. (Graad 1 tot 7) Hierdie reëling sal geld vanaf Maandag, 1 Junie tot en met Vrydag, 12 Junie 2026. **Geen leerling wat nie die toestemmingsbrief inhandig sal toegelaat word om die skoolterrein te verlaat voor 13:30 nie**.

3. Alle leerlinge wat nie om 12:00 huis toe gaan nie sal in 'n toesigklas geplaas word in elke graad tot 13:30.

4. Leerlinge wat van eksterne vervoer gebruik maak moet asb. vooraf die nodige reëlings met bestuurders tref.

5. Die leerlinge moet asseblief elke dag tydens die eksamen teenwoordig wees. Geen vraestelle kan vooraf of na die tyd afgelê word nie. **Indien u kind siek is, stuur asseblief 'n doktersbrief na die registeronderwyser.**

6. Ons versoek dat ons ouers sal toesien dat ons leerlinge hard leer aangesien die werk meer is en dit 'n **amptelike eksamen** is.

7. Ons versoek dat ons ouers sal toesien dat ons leerlinge elke dag die nodige skryfbehoeftes by die skool sal hê.

8. Akkommodasies sal slegs toegestaan word aan leerlinge wat daarvoor kwalifiseer en goedgekeur is deur die Distrikskantoor.

## ***WENKE VIR DIE EKSAMEN***

- Beplan jou studievertrek
  - Genoeg lig en lug
  - Sit regop
  - Sonder jouself af, weg van geraas
- Om makliker te leer maak opsommings vir jouself.
- Moenie al die werk op een dag probeer leer nie, probeer van die werk voor die tyd leer. (Veral op naweke kan dit goed werk.)
- Gaan slaap vroeg in die aand.
- Voordat jy skool toe kom eet eers ontbyt.
- Drink genoeg water.
- Voordat jy die vraestel beantwoord lees eers vinnig deur die vraestel.
- Indien daar 'n vraag is wat jy nie dadelik kan beantwoord nie, moenie wag nie, gaan dan na die volgende vraag.
- Nadat jy al die vrae voltooi het, gaan jou vraestel weer deur en kyk of jy nie dalk 'n verkeerde antwoord ingevul het nie.
- Sterkte met die eksamenreeks!

Elsiegroete

R. PRETORIUS
SKOOLHOOF

---

Skeurstrokie - EKSAMEN

Hiermee gee ek, ________________ ouer/voog van ______________ in Gr ___ toestemming dat hy/sy vanaf Maandag, 1 Junie tot Vrydag, 12 Junie 2026 om 12:00 huis toe mag gaan.

Ek onderneem ook dat my kind netjies geklee sal wees (skooldrag en hare volgens die skoolreëls) tydens die komende eksamen.

______________________      ______________________

Handtekening      Kontaknommer